Retireer of reformeer?

Dit is verblydend om te verneem dat afgevaardigdes van verskillende kerke saamgekom het om te besin oor die sedelike verval in ons samelewing. Die beplande predikantekonferensie oor die sedelike krisis van ons tyd kan moontlik die kerk (= die gelowiges) se verbeelding aangryp om die sedelike verval daadwerklik die stryd aan te sê. Die hoop is dat dit wel sal gebeur. So nie, gaan die konferensie op niks meer as 'n klomp mooi woorde uitloop nie. Want dit wil ál voorkom of die kerk aan die terugsteier is voor die aanslae van ons tyd. Met elke hou wat die sekulêre wêreld slaan, is dit asof die kerk maar net verder retireer.

Die kerk aan die retireer

'n Duidelike voorbeeld is die verloop van sake met betrekking tot TV-uitsendings op Sondae. Ten spyte van stemme wat uit kerklike geledere opgegaan het (hetsy van lidmate, kerkrade, kommissies of deputate), is die Sondag op TV stukkie vir stukkie deur die sekulêre wêreld ingepalm: eers was dit advertensies, toe rolprente, en toe sportuitsendings. Die kykertalle het die deurslag gegee. Elke keer moes die kerk maar bereid wees om te retireer — in sommige gevalle selfs kapituleer. Tot so 'n mate dat TV-rolprente op Sondae nou (selfs deur Christene) as argument gebruik word om die Sondag-oopstelling van rolprentteaters te bepleit.

Dieselfde patroon kan gesien word ten opsigte van dobbelary, gesellinklubs, (semi-) pornografiese tydskrifte, -videos en -rolprente. Na aanvanklike besware het die kerk op die ou einde tog maar die stryd gewonne gegee. Daardie bedenklike praktyke het blykbaar gekom om te bly. Die kerk het geretireer.

Vlug na die woestyn

Die versoeking is groot om in hierdie verband te dink aan Openbaring 12:6: "En die vrou (= die kerk) het na die woestyn gevlug ...", en om dan tot die gevolgtrekking te kom dat 'n retirerende kerk 'n kenmerk van die laaste dae is. Hieruit sou dan volg dat dit onvermydelik is dat die kerk tog maar sal vlug voor die aanslag van die goddelose wêreld — dat ons nie anders kan as om te retireer nie.

Dit lyk egter meer waarskynlik dat Openbaring 12:6 verwys na die kerk in al die dae vanaf Christus se hemelvaart tot by sy wederkoms. Ook dat die woorde in hierdie vers as trooswoorde gegee is, waarmee die Here sy kerk verseker dat Hy sy kerk selfs te midde van die felste aanslae bly bewaar. Daarom word daar uitdruklik in hierdie vers gesê dat die vrou gevlug het na 'n plek "wat deur God gereed gemaak is" — 'n toevlugsoord, 'n veilige vesting, by God!

Die kerk op die voorposte

Ons as gelowiges het dus geen rede om ewe gedweë te retireer voor die aanslae van ons tyd nie. Ons moet aktiewe, strydende kerk wees en bly. Daarvan word ons op baie plekke in die Skrif verseker. Dink maar aan die bekende Efesiërs 6:10-20, waar die kerk opgeroep word om die wapenrusting van God aan te trek in die stryd teen al die dreigende magte.

In plaas daarvan om te retireer, moet die kerk dus met krag vorentoe beweeg. Dit beteken dat ons moet ophou om altyd die agterhoede te wil dek (— gereed om die aftog te blaas?). Die werklik strydende kerk moet die wêreld altyd vóór wees, word dikwels gesê, en pro-aktief in plaas van reaktief optree. Mooi woorde, maar nie sonder 'n slagyster nie.

Altyd reformerende kerk

Die strewe om op die voorpunt te wees, kan die kerk maklik verlei om wêreldgelykvormig te word en te vergeet dat die primêre roeping van die kerk is om altyd kerk van die Here te bly. Elke beweging van die kerk moet dus allereers 'n naderbeweeg aan God en sy Woord wees. Die kerk moet die wêreld dus lei — wég van die sedelike verval, na gehoorsaamheid aan die woord van die Here. Dit beteken dat die kerk self moet bly reformeer. Altyd vorentoe, maar terselfdertyd terug na die Woord, terug na gehoorsame diens aan die Here, terug na God toe!

Die toets van waarlik kerk wees, is dus nie om te kyk hoe ver ágter of hoe ver vóór jy jou bevind nie, maar hoe naby aan die woord van Gód. 'n Reformerende kerk is uiteindelik triomferende kerk.

GJC Jordaan

© by skrywer - 2007
www.christelikebiblioteek.co.za